



FAKULTEIT TEOLOGIE

Prof Elna Mouton
Dekaan: Fakulteit Teologie

DIE JAAR 2009 was 'n besonderse jaar vir die Fakulteit Teologie – 1 November 2009 was die 150ste herdenking van die dag toe die NGK Seminarium, die eerste van talle opvoedkundige instansies in dié dorp, sy deure geopen het.

Teologie Stellenbosch 150+ wou die erfenis van seminarium én fakulteit, wat in 1963 deel van die US geword het, gedenk, maar ook die stil stemme deur die jare erken. Ons wou álmal saamneem. En ons wou, veral, die jaar gebruik as vertrekpunt vir 'n toekoms waarin die Fakulteit al meer 'n gasvrye ruimte is vir mense van verskillende omgewings, tradisies, ervarings en oortuigings wat dinamiese, verantwoordbare teologie wil beoefen. Vandaar die naam van die feesjaar, *Teologie Stellenbosch 150+*.

Die verrigtinge het amptelik op 2 Februarie met die Teologiese Dag begin met as tema *Teologie in die spiraal van herinnering en hoop* en afgesluit met die feesnaweek en gedenkdien op 1 November. Tussenin was die jaar volgepak met internasionale konferensies, onder meer die weeklange Gesamentlike Konferensie vir Werkgemeenskappe in SA met meer as 500 gaste, die jaarvergadering van die *Network for African Congregational Theology (NetACT)*, konferensies oor die geskiedenis van teologiese opleiding op Stellenbosch ter herdenking van die 500-jarige geboortedag van Calvyn en oor die bevordering van menswaardigheid, en selfs 'n unieke teologiese konferensie deur studente vir studente.

Die akademiese hoogtepunt was die toekenning op 2 September van eredoktorsgrade aan vyf teoloë, proff Denise Ackermann, John de Gruchy, Bernard Lategan, Mercy Oduyoye en Wentzel van Huyssteen – vyf kollegas wat 'n unieke en buitengewone bydrae tot die bevordering van teologie as wetenskap gelewer het, veral op die gebied van *ekumeniese en kontekstuele teologie* – in Suid-Afrika, op die Afrika-kontinent, en wêreldwyd (kyk bladsy 49).

En die geestelike hoogtepunt was die oggend toe 'n skare belangstellendes op 1 November in die NG Moederkerk gesit het, soos die handjievol teologiese studente en dosente presies 150 jaar gelede, en 15 dekades van genade herdenk het.

Teologie Stellenbosch 150+ is verby, maar die “+” neem ons vorentoe.

Die Rektor se visie is dat die US 'n sentrum van hoop (vir en

vanuit Afrika) sal wees, 'n tuiste waar kulture ontmoet, waar menswaardigheid vir almal verseker is, met billike toegang vir almal, veral studente uit arm gemeenskappe. Die Fakulteit Teologie se visie hang nou hiermee saam. Ons streef om akademiese opleiding van gehalte te bied ooreenkomstig die aard van die Christelike geloof; om die identiteit en etos van kerke in verskillende (hoofsaaklik Afrika-) kontekste te verstaan en te verryk; om 'n rol in gemeenskappe te speel; en om die diversiteit van kerklike en geloofstradisies, kultuur, taal, geslag, standpunt, en personeel- en studenteprofile te bevorder.

Die Fakulteit se Sakeplan fokus vorentoe veral op:

- **Netwerkontwikkeling** met akademiese en kerklike vennote (ook via sentra), binne breër ekumeniese kontekste (met sensitiviteit vir verskeidenheid van godsdienste), sosio-ekonomies-politieke kontekste (van armoede, misdaad en geweld) en op die Afrika-kontinent;
- **Dinamiese, hoopskeppende opleiding** te midde van globalisering, sekularisering, sosiale en morele vervreemding, onrus, wantroue en valse hoop wêreldwyd.

Die studentetotal groei bestendig. Ons het tans meer as 400 studente, waarvan meer as twee derdes nagraads is. Vroue- en bruin, swart en Indiër-studente neem na verhouding toe, asook die aantal internasionale studente, veral uit ander Afrika-lande. Die Fakulteit se vennote is die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa. Ons studente verteenwoordig egter 'n wye spektrum kerke.

As een van vier teologiese fakulteite in SA en die enigste met dubbelmedium-onderrig voorgaads, wil die Fakulteit dit wat hy (goed) doen, beskerm en meer gekoördineerd en doeltreffend doen. Dit sluit in bevordering van voor- en nagraadse studentesukses, meer en beter behuising vir Afrika-studente, ontwikkeling van personeelkapasiteit, deurvoering van die herkurrikuleringsproses en ontplooiing van ons Oorhoofse Strategiese Plan-projek, naamlik die Bevordering van Menswaardigheid.

In hierdie +-jare, kortom, wil ons veral studente- en personeelsukses bevorder en verseker dat die Fakulteit toeganklik en volhoubaar is.